

van ware skaap- en lamsvleis uit die Karoo waarborg. In 'n onlangse verslag oor vordering met die ontwikkeling van die sertifiseringskema skryf hy dat die Vleis van Oorsprong-skema vir die Karoo nou boere, slagplase, slaghuise en restaurante in staat stel om aansoek te doen om die sertifiseringsmerk te gebruik.

Hy sê die sertifiseringsprotokol bied aan Karoo-boere 'n meganisme om 'n groter deel van die waarde in die ketting te bekom, maar terselfdertyd die nismarkte vir vleis te betree en die identiteit van die Karoo ten volle te benut en die oorsprong te waarborg. "Dit beteken niemand kan nou, omrede naspeurbaarheid bestaan, twyfel oor die werklike oorsprong van die vleis nie. Dit sal egter samewerking en vertroue tussen boer, slagplaas, vervoerkontraakteur en kleinhandelaar benodig. Dit is ongelukkig iets wat nie gereedelik bestaan nie."

### Vele wette en regulasies

Die Karoo-ontwikkelingstigting (wat gestig is om die reputasie en erfenis van die Karoo te beskerm) het by die CIPC (*Companies and Intellectual Property Commission*) aansoek gedoen om 'n sertifiseringsmerk te registreer. Die merk, wat op die karkas en vleisverpakking aangebring kan word, is ook by die Departement van Landbou, Bosbou en Visserie ingevolge die Wet op Landbouproduktstandaarde (Wet 119 van 1990) geregistreer en kwalifiseer as 'n goedgekeurde protokol onder die nuwe etiketteringsregulasies wat op 1 Maart 2012 in werking tree.

Laasgenoemde nuwe regulasies is daarop gemik om die gebruik van misleidende



**Verbruikers kan uitsien na egte Karoovleis en 'n gewaarborgde smaak as hulle vleis met dié merk koop.**

beskrywings op produk-etikette te voorkom en vereis dus dat gehaltebeskrywings soos Karoo-lam slegs gebruik kan word as dit gerugsteun word deur 'n protokol wat deur die departement goedgekeur is. Dit sal beteken dat heelparty van die huidige aansprake op die etikette van sekere voedselprodukte, byvoorbeeld dat dit na- u

## GEOGRAFIE

### Dié plekke is deel van skema

Die totstandkoming van die Vleis van Oorsprong-skema vir die Karoo is die uiteinde van 'n proses wat meer as vier jaar gelede begin is en deur wye raadpleging oor die afbakening van die streek en die opstel van 'n kode van produksiepraktyke voorafgegaan is.

Toe besluit is watter gebiede as "Karoo" gedefinieer kan word, is geprobeer om so inklusief moontlik te wees deur geologiese en botaniese eenskappe in ag te neem.

Daar is wetenskaplike bewyse dat die geur en smaak van Karoovleis afkomstig is van diere wat op inheemse veld loop waarin plante soos silwerkaroo (*Plinthus karrooicus*), skaapbossie (*Pentzia spinescens*), kapokbossie (*Eriocephalus ericoides*), rivierganna (*Salsola glabrescens*), ankerkaroo (*Pentzia incana*) en perdebos (*Pieronon glauca/rosenia humilis*) groei. Daarom kwalifiseer plase in die munisipaliteite Camdeboo, Inxuba Yethemba en ECDMA10 in die Oos-Kaap; Karoo-hoogland, Ubuntu, Umsobomvu, Emthanjeni en Kareeberg in die Noord-Kaap; en Beaufort-Wes en WCDMA05 in die Wes-Kaap.

Prof. Johann Kirsten van die Universiteit van Pretoria sê daar is op die bossies gekonsentreer na aanleiding van navorsing deur die Departement van Landbou op die proefplaas buite Carnarvon en raadpleging met Karoo-boere en ander kundiges.

Plase in sekere ander gebiede in die Vrystaat, Noord-, Wes- en Oos-Kaap sal vir die sertifiseringskema in aanmerking kom nadat die eienaar van die sertifiseringsmerk die plaas besoek het om seker te maak dat ten minste twee van bogenoemde karoobossies op meer as 60% van die plaasoppervlakte teenwoordig is.

Benewens die veld-vereiste word ook van deelnemers aan die skema verwag om goeie produksiepraktyke, soos voorgeskryf deur 'n kode vir goeie veeboerdery en diersorg, toe te pas. Hoewel boere toegelaat word om byvoeding te gee gedurende droogtes, kom voerkrale of diere wat op aangeplante weidings loop, nie vir die skema in aanmerking nie.

